Tafelberg Fotografieklub Nuusbrief

Nuusbrief weergawe: Januarie 2009
www.tafklub.co.za
tafklub@gmail.com

Beste TAF fotograwe en -vriende,

Dié jaar het nogal opwindend vir die Tafelberg fotografieklub begin. Eerstens met ‘n baie lekker afskop waar Antenie Carstens ons so ‘n bietjie laat dink het oor fotografie, veral met die vertoon van die motiveringsvideo van Dewitt Jones en toe ook oor wat manipulasie is en wat dit nie is nie – dit is seker ‘n onderwerp wat nog baie in die fotografiese wêreld bespreek sal word.

Intussen het ‘n hele paar lede ook by die klub aangesluit en van my kant af wil ek graag vir julle baie welkom heet en vertrou dat julle dit baie sal geniet en sommer gou aan al die aktiwiteite en kompetisies deelneem.

Dr Johan Kloppers, ‘n baie bekende, goeie vriend van ons klub en beoordelaar van ons kompetisies is as Streekdirekteur van die PSSA in die Wes-Kaap verkies. Ons wens graag vir hom baie geluk met die verkiesing en ons weet dat jy ook van hierdie geleentheid en taak ‘n sukses sal maak en ons vertrou dat met die passie en liefde wat jy vir fotografie het hierdie ook vir jou ‘n baie aangename rol en verantwoordelikheid sal wees.

This year will also be full of interesting terms like F-stops, stop up, stop down, shutter speed, depth-of-field, focus point, exposure white balance, composition, rule of thirds, odd numbers, colour management, burning, dodging, cropping, levels, curves, etc., but for the beginners I would like to say: “Don’t worry, ask, participate, experiment, share – there is always someone willing to share his knowledge and experience with you”.

Teen die tyd wat jy hierdie nuusbrief lees het jy seker al klaar jou ‘Vakansiegees’-foto’s uitgesoek, voorberei en ingestuur of gedruk. Dinsdagaand, 10 Februarie is ons eerste kompetisie en dit beloof om sommer baie interessant te wees. Kom vroeg en gesels lekker met die ander terwyl julle die gedrukte foto’s besigtig.

Lees ook verder in hierdie nuusbrief van die doen en late van klublede tydens verlede jaar se uitstappie na Tafelberg. Verder kan julle ook ‘n baie interessante artikel van Piet Conradie lees oor watter sagteware om te gebruik.

Besoek ook gerus ons webwerf gereeld – baie dankie aan Celia, ons webmeester, wat dit vir ons so netjies en op datum hou.

Julle het seker ook opgemerk dat heelparty van ons klublede se foto’s ook op Die Burger se webwerf in die ‘Mooiste Kaap’ fotografie kompetisie se galerye pryk. Voorspoed aan elkeen wat daar ingeskryf het en ek glo dat ons klublede ook daar goed sal presteer.

Lees lekker aan die nuusbrief en stuur vir ons jul bydraes aan vir die volgende nuusbrief.

Nico Ras

Hemel op Tafelberg

Chrisna du Toit onthou die naeweek op Tafelberg:

"Uiteindelik het die langverwagte uitstappie na Tafelberg aangebreek!!! Vroeg Saterdag-oggend arriveer ons by Constantia Nek. Baie opgewonde en vol energie, besluit Andre, Francois, Georgine, Johan, Chrisna, Marius en Nanette om solank te begin stap. (Die inligtings e-pos het mos gelees dat die fikses solank kan begin stap.)

Vol vertroue dat Francois se GPS die regte koördinate sal aandui, durf ons die staptog aan - dis immers mos net berg op tot by die huisie!! So seker van ons saak dat daar vir "alles" gereël is, ignoreer ons alle waarskuwingsborde dat "oortreders vervolg en beboet sal word met R500 elk", en vat die eerste beste roete, sommer daar by die water-suiweringskema se hekke in! Andre - duidelik die fikste van ons klomp, is soos 'n pyl uit 'n boog onder ons uit - die gopse in. Francois (alias Mc Guyver) was later erg bekommerd dat daar iets "fout" is met sy GPS, want die paadjie stem dan nie ooreen met waarheen ons oppad is nie. Nanette, met haar rooi breë-rand hoed het gelukkig seker gemaak dat n reddingspan ons beslis uit die lug sal kan waarneem. Eers toe Mark Hawthorne ons met sy wit bakkie kom "soek", het die harde werklikheid ons soos 'n bom getref - ons het heeltyd die verkeerde pad gestap !! Ewe ordentlik lig Mark ons in dat ons eintlik 'n boete kon kry, maar hy sal ons by die regte pad aflaai en dan sal hy weer terugry om vir Andre te gaan soek. Mark "straf" ons toe en laat ons 'n hordes steil trappe uitklim. Francois was maar net te bly om te ontdek dat sy GPS toe al die tyd reg was! By die huisie aangekom, was ons aangenaam verras om te sien hoe goed ingerig die plek is.

Die middag het Mark vir ons n baie interressante skyfie-vertoning van 3 ure lank gewys. André het deur sy ge-snorkery al Mark se "What a lovely picture's" gemis! Later die middag het Mark vir ons die museum op die berg gaan gewys. 'n Mens kan nie glo daar het eens op 'n tyd 'n trein op die berg gery nie. Met die terugtog het Francois (Mc Guyver) tog te heerlik gespeel met sy kettie en ons gereeld op hoogte gehou van wat sy lugdrukmeter sê. So tussen die mis en reën deur is daar later vuur gemaak en heerlik saamgekuier, geëet en nonsens gesels.

Die aand het die weer redelik opgeklaar en kon ons die pragtige rotsformasies sien. Dis ook hier wat André weer met sy streke begin het. Esmari het haar kamera buite opgestel om die besonderse sonsondergang af te neem. André benut toe hierdie gulde geleentheid om sommer in haar afwesigheid n paar "pragtige" fototjies vir haar te neem. n Hele paar honderd fototjies later!! Wees dus gewaarsku: MOET NOOIT JOU KAMERA ONBEMAN LAAT TERWYL ANDRÉ IN DIE OMTREK IS NIE !

Sondagoggend is ons met 'n lieflike dag begroet en daar is heelwat fotos geneem. Sommige het gaan stap tot waar die oorspronklike kabelkarretjie was - vrek hoog en 'n asemrowende uitsig !

Die naweek het hopeloos te gou verby gegaan. Al het die weer dit nie altyd toegelaat om buite fotos te neem nie, kon ons heerlik rus en mekaar beter leer ken. Vir Mark Hawthorne, Leon Basson en die berg sal ons beslis onthou en mag ons so bevoorreg wees om dit weer eendag te kan doen. Dankie vir almal betrokke met die reëlings, etes en vervoer. Dit was regtig PUIK! "

Herken jy jouself? (Fotograaf: André Marais, Kamera: Esmari Wium)

Opening van ons fotografie uitstalling

27 Januarie was die groot aand! Na maande se beplanning en baie harde werk in die agtergrond, is ons tweede foto-uitstalling by die Sanlam Kunsgalery geopen.

31 van ons lede het die geleentheid aangegryp om van hulle foto's uit te stal. Die bekende Dale Yudelman was die gasspreker en het die uitstalling geopen. Van die ander bekende gaste by die opening was mnre. JP Bester (Sanlam Maatskappy Sekretaris), Stefan Hundt (Kurator: Sanlam Kunsgalery), Neels Beyers, Johan Beyers, Antenie Carstens, en nog vele meer. Al die gaste en besoekers was dit eens – dis weereens 'n fantastiese uitstalling!

Die uitstalling is nog oop tot einde Februarie. Nooi gerus julle vriende, familie en sommer vreemdelinge ook om te kom kyk. Die galery is weeksdae oop vanaf 9:00 tot 16:30.

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. 'n Baie GROOT dankie aan Manie Wessels wat die uitstalling vir ons gekoordineer het. Dankie ook aan almal wat agter die skerms vir Manie hiermee gehelp het. Ons maak weer so aan die einde van die jaar wanneer ons ons derde uitstalling beoog.

Stefan Hundt,
kurator Sanlam Kunsgalery

Nico Ras,
Voorsitter Tafelberg Fotografieklub

Dale Yudelman,
Bekende fotograaf en openingspreker

'n Warm welkom aan ons nuwe lede!

Baie welkom aan die volgende nuwe lede wat by ons aangesluit het. Mag julle die klub netsoveel geniet as die res van ons. Ons glo julle gaan 'n positiewe bydrae tot die klub maak.

Ronette Dunkley, Bellville
Rupert Robertson, Parow Noord
Gordon Robertson, Bellville
Hannelore en Heiner Seifart, Eversdal
Jody Stewart, Oak Glen
Dianne Stigling, Durbanville
Steve de Kock, Protea Hoogte

Seeing the Ordinary as Extraordinary: Techniques for Unlocking Your Creative Potential - Dewitt Jones

Met ons eerste byeenkoms in 2009, het Antenie Carstens vir ons 'n baie interessante en insiggewende DVD gewys van Dewitt Jones. Die tema van die DVD is "Seeing the Ordinary as Extraordinary". Dewitt Jones gebruik fotografie as 'n medium om mense te leer oor kreatiwiteit en hoe om jou potensiaal te vergroot.

Ons het die volgende opsomming van die DVD op die internet gekry en deel dit graag met julle.

Key Learning Points

- Creativity is a matter of perspective.
- There's always more than one right answer.
- Don't be afraid to make mistakes.
- Learn to break the pattern.
- Reframe problems into opportunities.
- Train your technique.

More about Dewitt Jones

Dewitt Jones is one of America's top professional photographers with a career stretching over twenty-five years. As a motion picture director, he had two films nominated for Academy Awards before he was thirty. Eighteen years as a freelance photographer with National Geographic earned him a reputation as a world-class journalist. Turning to advertising, Jones rose to the forefront of corporate creative marketing by photographing national advertising campaigns for Dewar's Scotch, Canon, and United Airlines.



Speaking to audiences across the country, Jones is recognized as a first-rate lecturer and performer. His knowledge of the creative process, relaxed and genuine style, and ability to communicate make his presentations truly outstanding.

Dewitt Jones' Key Accomplishments Include . . .
Author of nine books including California!, Visions Of Wilderness, Canyon Country, John Muir's High Sierra and The Nature Of Leadership (in collaboration with Stephen R. Covey, author of The Seven Habits of Highly Effective People); Column entitled "Basic Jones" appears monthly in Outdoor Photographer magazine; Earned a BA in drama cum laude from Dartmouth College and a Master's Degree in film making from UCLA.

Visit his website at www.**dewittjones**.com/html/seeing_the_ordinary.shtml

Kompetisie beskrywings

Wonder jy wat ons kompetisie temas behels? Hier's die antwoorde! (Onthou digitale inskrywings moet die **Vrydag voor die kompetisie teen 15:30** na Jaco Pretorius gestuur word by jaco.pretorius@sanlam.co.za.

Vakansiegees/Holiday spirit – 10 Februarie

Vang die gees van vakansie vas in 'n foto. Dit weerspieël die genot van vakansie hou en skep 'n lus by die kyker om daar te wees en deel te neem in die aksie. Uitgesluit normale natuurfotos, landskappe en abstrakte fotos.

Grape harvest time in the Boland/ Parstyd in die Boland – 24 March

5-shots: The 5 set subjects are:

1. Farm landscape - wynlandgoed
2. The origin of the wine/vineyard/grapes
3. Harvesting/Workers – process of the harvesting and working in the vineyard
4. Making the wine – in and around the cellar
5. The end product – the wine and grapes (excluding the side effect of too much wine!)

The human body/Die menslike liggaam – 21 April

Enige deel van die menslike liggaam, smaakvol en kunstig uitgebeeld.

PSSA Streeksdirekteur: Wes-Kaap

Dr. Johan Kloppers is as die PSSA streeksdirekteur in Wes-Kaap verkies. Johan is lid van Fish Hoek Photography Club, maar is 'n bekende (en geliefde) gesig by ons klub. Ons wens hom alle sterkte toe met die nuwe posisie, en weet hy sal 'n groot sukses daarvan maak, en fotografie nog lekkerder maak hierdie jaar.



Johan sê:
"Dit is vir my 'n groot eer en voorreg om in hierdie posisie gekies te kon gewees het. Ek sien baie daarna uit om in die tydperk wat ek hierdie sal pos beklee, met julle saam te werk, om sodoende fotografie te help uitbou. Ek kan maar net weer beklemtoon hoe ek altyd welkom by julle klub voel en hoe lekker dit is om die entoesiasme te sien waarmee julle fotografie benader.

Hierdie jaar gaan 'n groot jaar vir fotografie in die Wes Kaap wees, aangesien ons die Nasionale Kongres later vanjaar in Hermanus het. Ek sal aanbeveel dat julle soveel moontlik van julle lede motiveer om dit by te woon en vroegtydig reëlings te tref. Ek sal deurentyd in kontak bly sodat ons saam van hierdie Kongres 'n groot sukses maak."

Webwerf opgedateer

Wanneer laas het julle ons webwerf besoek? Ons webmeester, Celia Smit, het lekker gewoel en gewerfskaf en die webwerf so bietjie afgestof! Al die 2009 dokumente is opgedateer en beskikbaar op die webwerf. Gaan kyk gerus na ons kalender, nuusbrokkies en ander inligting. Vir diegene wat vergeet het wat ons web-adres is, hier is dit weer: www.tafklub.co.za. Dankie Celia vir al jou harde werk hiermee!

Die liefde blom…

Baie geluk aan die volgende lede wat onlangs verloof geraak het: **Anton Fouche en Celia Smit**, en **Marius van der Westhuizen en Nanette Els**. Mag 2009 vir julle ekstra spesiaal wees!
(Wonder wie die troufoto's gaan neem…)

So sit die vier toe ewe droog op Tafelberg en sê ons niks van wat hulle beplan nie.

Van links:
Anton & Celia en Marius & Nanette.

Ledegeld

'n Eenmalige aansluitingsfooi van **R50 per lid** sal vir alle nuwe lede gehef word. Ledegeld bedra **R150 jaarliks**. Indien later in die jaar aangesluit word, word die ledegeld pro-rata bereken vir die res van die jaar (R15 per maand).

Jaarlikse ledegeld moet voor 1 Maart betaal word. Ledegelde is nie terugbetaalbaar aan enige lid van die klub nie.

Dit het onder ons aandag gekom dat ons Sanlam Liquid rekening state nie die oorsprong van inbetalings aandui nie. Om 'n hengse finansiële administrasie te voorkom, wil ons julle dus versoek om elektroniese inbetalings steeds na ons ABSA rekening te doen.

Banking details

Reference: Electronic payments must be marked clearly, e.g. Ewium Member Fees.

Cheque payments are not allowed.

ABSA Banking Details:
Account: Tafelberg Afrikaanse Fotografieklub
Bank: Absa, Sanbel
Bank code: 632005
Account number: 914 986 5821

Important!
Proof of payment must be send to Celia Smit via e-mail to sportbuddy@webmail.co.za and not the club's gmail address.

Watter 'fotowinkel' (Photoshop) program is reg vir my?

Piet Conradie het hierdie baie insiggewende artikel vir ons geskryf. **Dankie Piet vir al die navorsing en dat jy bereid is om dit met ons te deel.**

"Hierdie artikel gee ‘n oorsig van digitale foto verwerkingsprogramme wat sommige van die volgende kan doen: (1) *basiese verbeterings*, (2) *tonale verstellings*, (3) *skoonmaak aksies* en (4) *finale effekte* – die skuinsdruk verwys na Nico Ras se insiggewende artikel oor WERKSVLOEI in die Des. 2008 Nuusbrief.

Ons amateur fotograwe het ‘n beperkte begroting, en kan nie die peperduur koste van *fotowinkel* se vlagskip-produk regverdig nie.

Met die aankoop van ‘n nuwe kamera, is daar gewoonlik sagteware saam gebondel om foto’s vanaf die kamera af te laai en te kan bekyk. Hierdie sagteware voldoen meestal nie aan die behoeftes van ‘n fotoklublid nie.

Met die gebruik van digitale foto-verwerkingsprogramme is dit ook goed om eers te kruip, dan te loop, en later te hardloop. Soos ondervinding toeneem, sal behoeftes groei en dan kan ‘n mens opgradeer. Begin aanvanklik met gratis sagteware wat maklik afgelaai kan word - kommersiële demo-sagteware kan ook vir 30 dae toetsbestuur word vóór ‘n koopbesluit gemaak word."

Gratis Sagteware Opsies

‘n Gerieflike plek om van die gratis sagteware af te laai is FILEHIPPO by:

http://www.filehippo.com/software/graphics/

Van die eerste gratis programme wat jy dalk kan probeer is **Faststone Image Viewer** en **Picasa 3**. Faststone en Picasa is beide gebruikersvriendelik – en geskik vir basiese aksies soos CROP, waterpas-maak, kleurverstellings, kontras veranderings, skerp-maak en re-SIZE. Picasa wysig NOOIT jou oorspronklike jpg nie – jy kan dus altyd terug “UNDO” na die oorspronklike.

Die kleine **Paint.NET** moet nie gering geskat word nie – dit is inderdaad die platsak fotograaf se eerste *fotowinkel* - dit weet van goed soos *Layers*, seleksie gereedskap insluitend *Magic Wand*, ken ook vir *Paint Bucket*, *Gradient*, C*lone*, *Curves*, *Levels* en dies meer. Sien is glo!

Een gratis program alleen mag dalk nie die antwoord wees nie - ‘n kombinasie van 2 of meer programme wat volgens behoefte bygetrek word, kan dalk beter wees. Eksperimenteer gerus self met van die volgende programme op FILEHIPPO:

ACDSee 11.0.85 - ACD Systems - 38.82MB (Commercial Demo - 30 Days)
ACDSee - the most powerful photo manager around is now even faster. Way faster. No other photo software saves you so much time.

Adobe Photoshop CS3 - Adobe Systems Inc - 463.59MB (Commercial Demo - 30 Days)
Adobe Photoshop, the professional image-editing standard and leader of the Photoshop digital imaging line, delivers more of what you crave.

FastStone Image Viewer 3.7* - FastStone - 4.04MB (Non-Commercial Freeware)**
FastStone Image Viewer is a fast, stable, user-friendly image browser, converter and editor.

IrfanView 4.23 - Irfan Skiljan - 1.28MB (Freeware)
IrfanView is a very fast, small, compact and innovative Freeware (for non-commercial use) graphic viewer for Windows.

Paint Shop Pro 12.0 - Corel Corporation - 326.05MB (Commercial Demo - 30 Days)
Paint Shop Pro continues to set the standard for affordable, professional image editing.

Paint.NET 3.36* - Rick Brewster - 1.41MB (Freeware)**
http://www.getpaint.net/
Paint.NET is free image and photo manipulation software designed to be used on computers that run Windows. It supports layers, unlimited undo, special effects, and a wide variety of useful and powerful tools. Every feature and user interface element was designed to be immediately intuitive and/or quickly learnable without assistance. It is also designed to be immediately familiar to users of Photoshop.

Picasa 3.1 Build 70.73* - Google - 9.47MB (Freeware)**
Picasa is software that helps you instantly find, edit and share all the pictures on your PC.

The Gimp 2.6.4 - The GIMP Team - 15.16MB (Open Source)
The GIMP is a multiplatform photo manipulation tool. GIMP is an acronym for GNU Image Manipulation Program.

XnView v1.96 Beta 2 - XnView.com - 15.77MB (Non-Commercial Freeware)
XnView is freeware software that allows you to view and convert graphic files. It's very fast and easy to use.

Kommersiële Sagteware Opsies

Na ‘n tydperk van die gebruik van gratis sagteware (niks is verniet nie!!!), mag jy voel dat jy iets beters nodig het, en bereid is om die prys daarvoor te betaal. Die pryse hieronder is slegs ‘n aanduiding – pryse wissel aansienlik as jy begin rondsoek! Voor jy ‘n keuse maak behoort jy eers jou eie navorsing in die “Internet Biblioteek” te doen en vra ook jou mede-klublede uit oor wat vir hulle werk.

Paint Shop Pro Photo X2 kan vir sommige ‘n bekostigbare keuse wees, en is maklik om te gebruik. Wees wel bewus dat daar nie veel boeke oor hierdie produk geskrywe is nie, en as jy op die web rondsoek vir wenke oor die gebruik daarvan, sal jy ook nie veel vind nie. Dit wil egter nie sê dat dit nie ‘n goeie produk is nie!!! Die basiese weergawe verskyn soms by *incredible* as spesiale aanbod en kan dan uitstekende waarde vir geld bied! As jou kamera RAW foto’s kan neem en jy gaan dit benut, dan sal die “Ultimate” weergawe egter die beter opsie wees. Jy kan ook direk van Corel se webblad ‘n demo weergawe van hierdie sagteware aflaai om dit te toets bestuur vóór jy koop.

COREL Paint Shop Pro Photo X2 - R840 (Kalahari)

COREL Paint Shop Pro Photo X2 Ultimate - R1150 (Kalahari)

Corel Paint Shop Pro® Photo X2 Ultimate combines ease of use with full professional power. Fix brightness, colour and photo imperfections like red eye in a few clicks, or use precision photo-editing controls to create photos you'll be proud to share. The Ultimate edition features valuable extras like media recovery software, a creative content pack, Corel Painter Photo Essentials 4 and a 2 GB USB flash drive. *"Ultimate" includes everything in Paint Shop Pro Photo X2, plus:*

- Support for more than 250 camera raw formats New! Background remover plug-in to change the background of a photo
- Creative content pack with 150 new photo frames, photo edges and Picture Tubes™
- Certified for Windows Vista® for better performance and enhanced security
- 2 GB USB flash drive to store and transfer your digital photos
- Corel® Painter™ Photo Essentials 4 to turn photos into paintings in 3 easy steps
- Media recovery software to retrieve images, movies and sound files, even from reformatted memory cards

'n Ander opsie is **ADOBE Photoshop Elements**, en ook hier kan jy 'n demo weergawe vanaf Adobe se webblad kan aflaai om eers te toets bestuur. **Elements** kan 'n goeie keuse wees omdat van die funksionaliteit baie dieselfde is as wat in die markleier **Photoshop CS4** sagteware gebruik word. Ja, **Elements** kan ook RAW's hanteer.

Adobe Photoshop Elements 7 - R1350/R1440 (SACamera/Orms)

Adobe Photoshop Elements 7 is designed to be an easier to use version of the imaging industry popular Photoshop CS. A software program for digital photo enthusiasts and beginners who like to take photos as both a hobby and a passion and want software that allows the power to edit, get creative, make their own scrapbooks or DVD covers, organise their photos and share them with friends on the web. Adobe Elements packages the powerful algorithms achieved in Photoshop CS in a more simplistic interface that makes it easy to perform the common corrections and effects that users need, without having previous experience or knowledge in image editing. You can quickly and easily clean your scene of unwanted elements and enhance your portraits by whitening teeth and retouching skin. There is a picture organisation facility with libraries and the ability to apply tags to photos for convenient retrieval and viewing.

Features:

- Easily download and organise your photos
- View photos the way you want and quickly find any photo
- Instantly fix common flaws
- Perform advanced editing
- Artistically enhance photos
- Create amazing composites
- Add text and graphics
- Get started quickly with flexible layout options
- Create your own calendars, cards and albums
- Enjoy flexible print options
- Share your photos online

Laastens: Adobe se twee top produkte is Lightroom en CS4. Lightroom is tans besig om opgang te maak (maar nog nie foutloos nie!) omdat dit die bestuur van jou foto databasis aansienlik vergemaklik. Dit werk ook soos Picasa 3 en Elements 7 in die sin dat die oorspronklik foto nooit gewysig word nie. ("Non-destructive editing").

Adobe Photoshop Lightroom 2.2 - R4195 (Orms)

For professionals & serious amateurs

Adobe Photoshop CS4 (not bundle) - R9495 (Orms)

For professionals & very serious amateurs

Birthdays of our members

Congratulations to the following members who will be celebrating their birthdays in February!

8	Jandre Pretorius	23	Terence Rhoda
9	Elna Conradie	27	Emile Raulstone
17	Jan Swiegers	28	Marilize Delport
18	Pierre Mostert		Melinda Pretorius
		29	Heiner Seifart

Tips & Tricks

Stopping Motion

The table suggests nominal shutter speeds (seconds) needed to freeze the action. These are calculated on the blur that is just perceptible, so the image appears sharp, with a subject at a distance of 20-30m. Longer shutter times can be used when the subject is approaching the camera than if it is travelling at right angles to the camera.

SUBJECT	TOWARDS CAMERA	RIGHT ANGLES TO CAMERA	DIAGONALLY TO CAMERA
Walker	$^1/_{30}$	$^1/_{125}$	$^1/_{60}$
Jogger	$^1/_{60}$	$^1/_{2500}$	$^1/_{125}$
Cyclist (av. speed)	$^1/_{250}$	$^1/_{1000} - ^1/_{2000}$	$^1/_{500} - ^1/_{1000}$
Galloping horse	$^1/_{500}$	$^1/_{2000} - ^1/_{4000}$	$^1/_{1000} - ^1/_{2000}$
Car (av. speed)	$^1/_{1000}$	$^1/_{4000}$	$^1/_{2000}$

Excerpt from 'Fundamentals of Modern Photography' by Tom Ang

Beheer velddiepte

Alhoewel daar ook ander maniere is om velddiepte te verander, is die verstelling van die kamera se lensopening (aperture) deur middel van die stel van *f*/nommers baie eenvoudig.

- Om velddiepte te **verhoog** – dus om meer van die beeld skerp te hê – verhoog die *f*/nommer, wat beteken dat die lensopening kleiner is.
- Om velddiepte te **verminder** – dus om minder van die beeld skerp te hê – verlaag die *f*/nommer, wat beteken dat die lensopening groter is.

Baie digitale kameras wat klein sensors gebruik het beperkte reeks van f/nommer verstellings, bv. *f*/4 en *f*/8. Hoe laer die *f*/nommer (bv. f/1.7) van 'n lens hoe vlakker die velddiepte en hoe hoër die *f*/nommer (bv. *f*/22) hoe dieper die velddiepte.

Onthou: 'n Kleiner lensopening laat minder lig deur en vereis 'n langer sluiterspoed (shutter speed) en dit mag nodig wees om die kamera op 'n driepoot te monteer om 'n skerp foto te neem indien die spoed te laag raak.

The last laugh...

It's a dog's life out there!